

NAL'IBALI

Maklike maniere om jou kinders aan te moedig om vir plesier te lees

Is lees 'n prettige deel van jou kinders se daaglikse lewe? Om vir plesier te lees help kinders om bekwaam en selfversekerd te voel. Wanneer jy tyd maak om te lees en stories met jou kinders deel, bou jy 'n stewige grondslag vir hul toekoms. Net 'n paar minute elke dag kan 'n wêreld van verbeelding, konneksies en leer ontsluit.

Easy ways to encourage your children to read for pleasure

Is reading a fun part of your children's daily lives? Reading for enjoyment helps children grow into confident, capable individuals. When you make time to read and share stories with your children, you build a strong foundation for their future. Even just a few minutes each day can open up a world of imagination, connection and learning.

Hoe kan ek my kind help om lees te geniet?

- 1. Lees stories in jul moedertaal.** Dit maak dit makliker en lekkerder om te lees.
- 2. Laat hulle hul eie boeke kies.** Wanneer kinders geniet wat hulle lees, sal hulle lief raak vir lees en dan sal hulle elke dag wil lees!
- 3. Lees gedrukte boeke.** Jong kinders leer baie deur hulle sintuie. Dit is belangrik dat hulle ervaar hoe dit voel om aan gedrukte boeke te vat, hulle vas te hou en deur hulle te blaai.
- 4. Lees saam met jou kinders.** Kies boeke om saam te lees wat 'n bietjie meer gevorderd is as die boeke wat jou kinders tans op hul eie lees.
- 5. Lees op selfone.** Vir ouer lesers en tieners is hierdie tegnologie besonder opwindend en beteken dit dat hulle enige tyd kan lees!

How can I help my child to enjoy reading?

- 1. Read stories in your mother tongue.** This makes reading easier and more enjoyable.
- 2. Let them choose their own books.** For children to love reading, and to want to read every day, they need to enjoy what they are reading!
- 3. Read printed books.** Young children learn a great deal through their senses. It is important for them to have the experience of touching and holding printed books and turning the pages.
- 4. Read with your children.** Choose books to read together that are slightly more advanced than the books your children are currently reading on their own.
- 5. Read on cell phones.** For older readers and teens, this technology is especially exciting and means that they can read at any time!

Wat keer dat kinders lees?

- ✦ **Daar is geen boeke by die huis nie.** Kinders moet boeke om hulle hê as ons wil hê hulle moet leer lees. Vir gratis boeke kan jy die knip-uit-en-bêreboekies in elke Nal'ibali-bylae hou en boeke by die biblioteek uitneem.
- ✦ **Boeke word op hoë rakke gehou of in kaste wat gesluit is.** Kinders moet 'n boek kan optel net wanneer hulle lus is om te lees! Hou boeke op plekke waar dit maklik is vir kinders om dit te vind en daarby uit te kom.
- ✦ **Hulle het nie tyd om te lees nie.** As kinders te veel takies het om te doen, of as hulle naweke en smiddae baie aktiwiteite het, sal hulle nie die tyd hê om net te ontspan en te lees nie!

What could prevent children from reading?

- ✦ **There are no books at home.** Children need to have books around them if we want them to learn to read. For free books, you can save the cut-out-and-keep books in each Nal'ibali supplement and borrow books from the library.
- ✦ **Books are kept on high shelves or in locked cupboards.** Children need to be able to pick up a book whenever they feel like reading! Keep books in places that are easy for children to find and reach.
- ✦ **They do not have time to read.** If children have too many chores to do, or their weekends and afternoons are filled with lots of activities, they won't have time to just relax and read!

Voordele van gereelde lees

Kinders wat gereeld lees, bou sterk taal- en dinkvaardighede en ontwikkel selfvertroue, kreatiwiteit en nuuskierigheid. Die heel belangrikste is dat, wanneer hulle die vreugde van stories ontdek, dit 'n lewenslange geskenk word — een wat niemand kan wegneem nie.

The benefits of reading regularly

Children who read regularly build strong language and thinking skills and develop confidence, creativity and curiosity. Most importantly, once they discover the joy of stories, it becomes a lifelong gift — one that no one can take away.

IT STARTS WITH
A STORY.
DIT BEGIN MET
'N STORIE.



Geletterdheidsaadjies!

Sing help om 'n taal te leer

Literacy Seeds!

Singing helps with language learning



Beste ouers en versorgers van jong kinders, om kinders groot te maak wat twee of meer tale goed kan praat, is 'n verantwoordelikheid wat 'n lang tyd verg. Maar dit is die tyd en moeite werd wat jy daarvoor gebruik. Hoe vroeër jy begin, hoe makliker sal dit vir jou en jou kinders wees!



Dear parents and caregivers of young children, raising children who can speak two or more languages well is a long-term commitment. It is, however, worth the time and effort that you put in. The earlier you start, the easier it will be for you and your children!

Die voordele daarvan om meer as een taal te ken

Kinders wat meer as een taal verstaan en gereeld gebruik:

- ☉ het beter geletterdheids- en ander taalvaardighede.
- ☉ presteer dikwels beter op skool.
- ☉ kry later in die lewe meer en beter werkgeleenthede.
- ☉ het 'n sterker verbintenis met hul erfenis wat verbonde is aan die tale wat hulle ken.
- ☉ kan musiek, fliks en literatuur in meer as een taal geniet.
- ☉ vind dit makliker om nog nuwe tale aan te leer wanneer hulle ouer is.




The benefits of knowing more than one language

Children who understand and regularly use more than one language:

- ☉ show improved literacy and other language skills.
- ☉ tend to do better at school.
- ☉ have more and better job opportunities later in life.
- ☉ have a stronger connection to their heritage that is attached to the languages they know.
- ☉ are able to enjoy music, movies and literature in more than one language.
- ☉ find it easier to learn more new languages when they are older.



Gebruik liedjies om 'n addisionele taal te leer



Using songs to learn an additional language

Kinders hoef nie een taal te bemeester voordat hulle 'n ander taal begin leer nie. Hulle kan twee of selfs meer tale tegelyk leer! Jy kan jou baba van hul geboorte – en selfs voor dan – aan verskillende tale begin blootstel.

Sing is die ideale manier om dit te doen. Sing is 'n prettige en 'n kragtige manier om jou kind te ondersteun terwyl hulle 'n taal aanleer. Liedjies help kinders om nuwe woorde en sinskonstruksies te leer en te onthou. Liedjies skep ook 'n vreugdevolle ruimte vir kinders om taal in te oefen. Baie liedjies help hulle ook om 'n band met hul kultuur te bou.

Soek vir ouer kinders liedjies in die nuwe taal wat gepas is vir hul ouderdom, soos gewilde popliedjies. Al verstaan hulle aan die begin net 'n paar van die woorde, sal hulle aanhou luister as hulle die musiek geniet.



Children don't need to learn one language completely before they start learning another language. They can learn two or even more languages at the same time! You can start exposing your baby to different languages from birth – or even before.

Singing is an ideal way to do this. Singing is a fun and powerful way to support your child's language learning. Songs help children learn and remember new words and sentence structures. They also create a joyful space for children to practise language. Many songs also help them to connect with their culture.

For older children, look for fun, age-appropriate songs, like catchy pop songs in the new language. Even if they understand only a few words at first, they'll keep listening if they enjoy the music.

Hoekom kinders 'n nuwe taal makliker aanleer wanneer hulle sing


1. Om liedjies in 'n ander taal te sing, help kinders om woorde en frases makliker te onthou.
2. Baie liedjies herhaal woorde en frases. Hierdie herhaling gee kinders baie oefening om die woorde te sê.
3. Hulle leer – selfs sonder dat hulle dit agterkom – hoe woorde bymekaar pas!
4. Liedjies wat kultureel of persoonlik iets beteken, byvoorbeeld, liedjies wat in jul familie oorgelewer word, kan ekstra spesiaal wees.
5. Al verstaan jou kind aan die begin nie al die woorde nie, kan hulle nog altyd die ritme, deuntjie en stemming van die liedjie geniet. Dit laat positiewe gevoelens oor die nuwe taal ontstaan, wat kinders motiveer om aan te hou luister, leer en sing.

Why singing helps children learn a new language

1. Singing songs in another language helps children remember words and phrases more easily.
2. Many songs repeat words or phrases. This repetition gives children lots of practice in saying the words.
3. They learn how words fit together in sentences – without even realising it!
4. Songs with cultural or personal meanings, for example, songs passed down in your family, can feel extra special.
5. Even if your child doesn't understand all the words at first, they can still enjoy the rhythm, tune and mood of the song. This builds positive feelings around the new language, which motivates children to keep listening, learning, and singing.

'n Paar idees om jou saam met jou kind aan die sing te kry:

- ☉ Kies liedjies met handbewegings en maak 'n paar bewegings op. Handbewegings help jou kind om te onthou wat die liedjie beteken, al kan hulle nie die woorde verstaan nie.
- ☉ Sing die liedjie vir jou kind. Dit maak nie saak hoe jy klink nie! Jou kind sal van die klank van jou stem hou, al sing jy vals.
- ☉ Kies liedjies wat jou kind reeds in hul eerste taal ken, soos "Veels geluk, liewe maatjie".
- ☉ Gebruik baie gevoel in jou stem en gesig wanneer jy sing.
- ☉ Prys jou kind wanneer hulle die woorde sing of die aksies saam met jou doen. Jou kind onthou aan die begin dalk net een of twee woorde.
- ☉ Verduidelik waarom die liedjie gaan. Jy hoef nie elke woord te vertaal nie.
- ☉ Gebruik 'n paar woorde en frases uit liedjies in jou alledaagse gesprekke met jou kind. Dit kan pret wees om dele van die liedjie te sing as jy dit kan inpas by wat jy sê.



Some ideas to get you singing with your child:

- ☉ Choose songs with hand movements or make up some movements. Hand movements help your child remember what the song means, even if they don't understand all the words.
- ☉ Sing the song to your child. Don't worry about what you sound like! Your child will love the sound of your voice, even if you're off-key.
- ☉ Choose songs your child already knows in their first language, like "Happy birthday".
- ☉ Put plenty of expression into your voice and face when you sing.
- ☉ Praise your child when they sing the words or copy the actions with you. Your child may remember only one or two words to begin with.
- ☉ Explain what the song is about. You don't have to translate every word.
- ☉ Try to use some of the words and phrases from songs in everyday conversation with your child. It can be fun to sing parts of the song if you can fit them into what you're saying.

Hoe om ons stories op verskillende maniere te gebruik

1. **Vertel die storie vir jou kind.** Lees en oefen om die storie te vertel. Gebruik dan jou stem, gesig en liggaam om die storie te laat lewe.
2. **Lees die storie vir jou kind.** Gesels oor die prente. Vra: "Wat dink jy gebeur volgende?" of "Hoekom dink jy het die karakter dit gesê of gedoen?"
3. **Lees die storie saam met jou kind.** Maak beurte om die storie saam te lees. Moenie hul foute regmaak nie, en help net as hulle jou vra om te help.
4. **Luister hoe jou kind lees.** Luister sonder om hulle te onderbreek. Sê dat dit vir jou lekker is om te luister wanneer hulle hardop vir jou lees.
5. **Doen die aktiwiteite in Raak doenig met stories!** Dit behoort vir jou en jou kind pret te wees.

How to use our stories in different ways

1. **Tell the story to your child.** Read and practise telling the story. Then use your voice, face and body to bring the story to life.
2. **Read the story to your child.** Talk about the pictures. Ask, "What do you think happens next?" or "Why do you think the character said or did that?"
3. **Read the story with your child.** Take turns to read the story together. Don't correct their mistakes, and only help if they ask for it.
4. **Listen to your child read.** Listen without interrupting. Say that you enjoy hearing them read aloud to you.
5. **Do the Get story active! activities.** This should be fun for you and your child.



Vier geletterdheid hierdie September!

Elke jaar, op 8 September, vier die wêreld Internasionale Geletterdheidsdag. Omdat ons glo dat geletterdheid so belangrik is, vier Nal'ibali geletterdheid gedurende die hele maand September! Hier is agt belangrike dinge oor geletterdheid wat ons graag met jou wil deel.

Celebrate literacy this September!

Each year, on 8 September, the world celebrates International Literacy Day. Because we believe literacy is so important, Nal'ibali celebrates literacy for the whole month of September! Here are eight important things about literacy that we'd like to share with you.

1. Kinders leer uit jou voorbeeld. As jy wil hê dat hulle geletterd moet word, moet hulle sien hoe jy lees en skryf op verskillende maniere in jou daaglikse lewe gebruik.
2. Kinders wat op skool goeie lesers is, is dikwels dié wat ná skool saam met familie en vriende lees.
3. Jong kinders leer maklik lees en skryf wanneer hulle weet dat lees en skryf nuttige en genotvolle aktiwiteite is. Hulle het baie ervaring met stories en boeke nodig sodat dit sal gebeur.
4. Wanneer jy vir kinders hardop lees en hulle die storie geniet, ervaar hulle lees as 'n bevredigende en genotvolle aktiwiteit. Dit motiveer hulle om self te lees. Dit moedig hulle ook aan om 'n lewenslange verhouding met boeke te hê.
5. Wanneer jy vir kinders hardop lees, wys jy vir hulle hoe ons lees en hoe boeke werk. As hulle dit weet, is dit vir hulle baie makliker om self te leer lees.
6. Jy kan nie leer lees as jy niks het om te lees nie, en jy kan nie leer skryf as jy niks het om mee te skryf of waarop jy kan skryf nie! Kinders behoort boeke waarin hulle belangstel, asook papier, potlode en kryte om mee te skryf en te teken, maklik te kan vind.
7. Kinders kan stories wat moeiliker is as wat hulle leesvaardigheid toelaat, verstaan as hulle hoor hoe die storie hardop gelees word.
8. As volwassenes skryf ons altyd vir werklike redes, byvoorbeeld: ons maak 'n inkopielys, los 'n nota vir iemand, vul vorms in of skep 'n storie. Wanneer kinders leer skryf, leer hulle hoe ons skryf en ook hoekom ons skryf.

1. Children learn from your example. If you want them to become literate, they need to see you using reading and writing in different ways in your daily life.
2. Children who are good readers at school are often the ones who read with family and friends after school.
3. Young children learn to read and write easily when they know that reading and writing are useful and enjoyable activities. For this to happen, they need lots of experiences with stories and books.
4. When you read aloud to children and they enjoy the story, they see reading as a satisfying and enjoyable activity. This motivates them to want to read for themselves. It also encourages them to have a lifelong relationship with books.
5. Reading aloud shows children how we read and how books work. Knowing this makes it much easier for them to learn to read for themselves.
6. You can't learn to read if you don't have anything to read, and you can't learn to write if you don't have anything to write with or on! It should be easy for children to find books that interest them, and paper, pencils and crayons to write and draw with.
7. Children are able to understand and enjoy stories that are beyond their own reading ability when they hear them read aloud.
8. As adults, we always write for real reasons: for example, we make a shopping list, leave a note for someone, fill in forms or create a story. As children learn to write, they learn why we write as well as how to write.

Wanneer kinders hoor hoe nuwe woorde in stories gebruik word, gee dit hulle 'n ryk woordeskat waarmee hulle hul kreatiewe idees kan uitdruk wanneer hulle self stories skryf.

Hearing new words used in stories develops children's vocabulary and gives them rich language to express their creative ideas when they write their own stories.

Bou jou eie biblioteek. Maak **TWEE** knip-uit-en-bêreboekies

1. Haal bladsye **5** tot **12** van hierdie bylae uit.
2. Die vel met bladsye **5**, **6**, **11** en **12** daarop maak een boek. Die vel met bladsye **7**, **8**, **9** en **10** daarop maak die ander boek.
3. Gebruik elk van die velle om 'n boek te maak. Volg die instruksies hier onder om elke boek te maak.
 - a) Vou die vel in die helfte op die swart stippellyn.
 - b) Vou dit weer in die helfte op die groen stippellyn.
 - c) Knip op die rooi stippellyne.



Grow your own library. Create **TWO** cut-out-and-keep books

1. Take out pages **5** to **12** of this supplement.
2. The sheet with pages **5**, **6**, **11** and **12** on it makes up one book. The sheet with pages **7**, **8**, **9** and **10** on it makes up the other book.
3. Use each of the sheets to make a book. Follow the instructions below to make each book.
 - a) Fold the sheet in half along the black dotted line.
 - b) Fold it in half again along the green dotted line.
 - c) Cut along the red dotted lines.



“Hy het een van my koeie gesteel,” jok die ryk man. “Hierdie verfkwas sal my vergoeding wees vir wat hy gedoen het.” Uiteindelik, dink hy, is die towerverfkwas myne. Die ryk man nooi al sy vriende na sy huis toe. “Kom sit en kyk ’n bietjie hierna,” sê hy. Toe skilder hy baie prente met die towerverfkwas. Almal wag en wag ... en wag, maar nie ’n enkele prent word lewendig nie. “Wat gaan aan?” skree die ryk man vies. “Gaan haal vir Ho en bring hom hierheen!”

“He stole one of my cows,” lied the rich man. “This brush will pay for what he has done.” At last, he thought, the magic paintbrush is mine. The rich man invited all his friends to come to his home. “Sit down and watch this,” he said. He then painted lots of pictures with the magic paintbrush. Everyone waited and waited ... and waited, but not a single picture came to life. “What is going on?” shouted the rich man. “Go and get Ho and bring him here!”

This story was specially created for Nalibali to spark children’s potential through storytelling and reading for enjoyment.



Hierdie storie is spesiaal vir Nalibali geskep om kinders se potensiaal te laat vlamvat deur stories te vertel en vir genot te lees.

Get story active!

- ★ Imagine that you have a magic paintbrush that you could only use to help people. Think of two people who you know need help. Paint or draw what you would like to give each one.
- ★ If you knew someone who had a magic paintbrush, what would ask them to draw for you?

Raak doenig met stories!

- ★ Verbeel jou jy het ’n towerverfkwas wat jy net kan gebruik om mense te help. Dink aan twee mense wat jy weet hulp nodig het. Verf of teken wat jy vir elkeen van hulle wil gee.
- ★ As jy iemand geken het wat ’n towerverfkwas gehad het, wat sou jy hulle vra om vir jou te teken?

Nalibali is a national reading-for-enjoyment campaign to spark and embed a culture of reading across South Africa. For more information, visit www.nalibali.org.



Nalibali is ’n nasionale lees-vir-genotveldtog. Dit wil ’n leeskultuur regoor Suid-Afrika laat vlamvat en vaslê. Vir meer inligting, besoek www.nalibali.org.

The magic paintbrush



Die towerverfkwas

Wendy Hartmann • Jiggs Snaddon-Wood

Ideas to talk about: What do you think the story is about when you read the title? If you had a magic paintbrush, what would it do? What would you paint?

Idees om oor te praat: Waaroor dink jy gaan die storie wanneer jy die titel lees? As jy ’n towerverfkwas gehad het, wat sou dit kon doen? Wat sou jy verf?



The next day he sent for Ho. “I want you to look after my cows today,” he said. “This evening I will pay you well.” Ho was happy and looked after the rich man’s cows. But in the evening, instead of being paid, he was thrown into prison, and his magic paintbrush was taken away.

Die volgende dag laat roep hy vir Ho. “Ek wil h  jy moet vandag my koeie oppas,” s  hy. “Vanaand sal ek jou goed betaal.” Ho is bly en pas die ryk man se koeie op. Maar di  aand word hy in die tronk gegooi in plaas daarvan om betaal te word, en sy toewerfkr  was word weggenem.




Daar is ’n land ver, ver hiervandaan, wat China genoem word. Eendag het daar in hierdie verre land ’n jong seun gewoon. Sy naam was Ho. Ho was arm, maar hy het ’n baie goeie hart gehad. Hy moes hard werk om genoeg geld te verdien om kos te koop. Maar al was Ho arm, het hy altyd ander mense gehelp waar hy kon. Ho het ook graag geskilder – as hy enige vrye tyd gehad het, het hy geskilder.



Ho was brought to the rich man. But by now Ho knew that this man was selfish and cruel. “If you paint some pictures for me,” said the rich man, “and they turn to life, I will pay you and set you free.” At first Ho did not know what to do. Then, he had an idea. “Yes, I can do that,” Ho said. “The first thing I want you to paint is a HUGE mountain made of gold,” said the rich man. “I want to collect all the gold.” Ho picked up his magic paintbrush and painted a sea. This made the rich man angry. “Why did you paint a sea? I don’t want a sea. I want a mountain made of gold. Now hurry up and paint it.”

Well . . . nothing except gold, broken pieces of a ship and a very angry rich man, his family and all his friends.

Wel . . . daar was niks nie – behalwe goud, die wrakstukke van ’n skip en ’n woedende ryk man, sy familie en al sy vriende.



“Ek sal enigiets gee! Ek wil hê die leus moet my op 'n afstand sien kom. Ek wil pragtig wees!” sê Sebra.

“Nou goed dan,” sug Skilpad. “Wanneer jy môreoggend wakker word, sal jy pragtig wees. Maar moenie sê ek het jou nie gewaarsku nie.”

Daardie aand gaan slaap Sebra met 'n glimlag op haar gesig.

“I'll give anything! I want the lions to see me coming from a distance. I want to be beautiful!” Zebra said.

“Very well then,” sighed Tortoise. “When you wake up in the morning, you will be beautiful. But don't say I didn't warn you.”

That night, Zebra went to sleep with a smile on her face.

Zebra is tired of being plain black in colour. She wants to be noticed. But is this a good idea? This story was specially created for Nal'ibali to spark children's potential through storytelling and reading for enjoyment.

Sebra is moeg daarvan om net swart te wees. Sy wil hê mense moet haar raaksien. Maar is dit 'n goeie idee?

Hierdie storie is spesiaal vir Nal'ibali geskep om kinders se potensiaal te laat vlamvat deur stories te vertel en vir genot te lees.

Get story active!

- ★ Draw one or more outlines of animals that have only one colour, like an elephant or rhino. Now add a pattern to the animal to make a new imaginary animal. Give your new animal a name.
- ★ Why not make an invitation in which you invite your friends to a party? You can cut your invitation card into a pretty shape and decorate it with different drawings, glitter and different colours of paint.

Raak doenig met stories!

- ★ Teken een of meer buitelyne van diere wat net een kleur het, soos 'n olifant of 'n renoster. Maak nou 'n patroon op die dier om 'n nuwe denkbeeldige dier te maak. Gee jou nuwe dier 'n naam.
- ★ Maak 'n uitnodiging waarin jy jou vriende na 'n partytjie nooi. Jy kan jou uitnodiging in 'n mooi vorm sny en dit met verskillende tekeninge, blinkertjies en verskillende kleure verf versier.

Nal'ibali is a national reading-for-enjoyment campaign to spark and embed a culture of reading across South Africa. For more information, visit www.nalibali.org.



Nal'ibali is 'n nasionale lees-vir-genotveldtog. Dit wil 'n leeskultuur regoor Suid-Afrika laat vlamvat en vaslê. Vir meer inligting, besoek www.nalibali.org.



How zebras got their stripes



Hoe sebras hul strepe gekry het

Bubele Retshe • Carlos Amato

Ideas to talk about: Which animals do you know that have only one colour? Which animals do you know that have stripes or spots?

Idees om oor te praat: Van watter diere weet jy wat net een kleur het? Van watter diere weet jy wat strepe of kolle het?

Skilpad is een van die oudste en verstandigste diere op die grasvlakte. "Swart is die beste kleur op die grasvlakte, liewe Sebra," verseker Skilpad haar. Maar Sebra wil nie luister nie. Sy weet dat Skilpad towerkrag het. "Miskien kan jy jou towerkrag gebruik en my pragtig laat lyk. Dan sal Koning Leeu my raaksien," sê Sebra. "Dis nie 'n goeie idee nie," sê Skilpad. "Ek kan jou gee wat jy wil hê, maar dit sal jou iets kos."



The next morning, the first thing Zebra did, was go to the river. She now had the most beautiful black and white stripes. She would definitely stand out, even from a distance! "You look amazing with your new stripes, Zebra!" said Elephant as she bathed in the river. "Thank you, Elephant," said Zebra. "I'm going to King Lion's party today. Everybody will notice me, and I will become a special friend of the royal family."

Die volgende oggend gaan Sebra heel eerste na die rivier toe. Sy het nou die pragtigste swart en wit strepe. Sy sal beslis aandag trek, selfs op 'n afstand! "Jy lyk wonderlik met jou nuwe strepe, Sebra!" sê Olifant terwyl sy haar in die rivier was. "Dankie, Olifant," sê Sebra. "Ek gaan vandag na Koning Leeu se partytjie toe. Almal sal my raaksien, en ek sal 'n spesiale vriend van die koninklike gesin word."

One day, King Lion announced that he was having a party.

"Every animal on the savannah must wear their brightest and most colourful patterns. The most beautiful animal will become a special friend of the royal family," said King Lion.

Eendag kondig Koning Leeu aan dat hy 'n partytjie gaan hou.

"Elke dier op die grasvlakte moet hul helderste en kleurvolste patrone dra. Die mooiste dier sal 'n spesiale vriend van die koninklike gesin word," sê Koning Leeu.



"Please, please take back the stripes," she begged Tortoise.


"I cannot," said Tortoise sadly. "I warned you that there would be a cost to getting what you asked for. How I wish you had listened to me."

And so it is that lions can easily see zebras from a distance, and zebras spend their days running away from lions.


"Vat asseblief die strepe terug," smeek sy vir Skilpad.


"Ek kan nie," sê Skilpad hartseer. "Ek het jou gewaarsku dat dit jou iets gaan kos as jy kry waarvoor jy vra. "Hoe wens ek nou jy het na my geluister."

En daarom kan leeus sebras maklik op 'n afstand sien en daarom hardloop sebras heeldag van leeus af weg.



Tortoise was amongst the oldest and wisest animals on the savannah. "Black is the best colour on the savannah, dear Zebra," Tortoise said. But Zebra would not listen. She knew that Tortoise had magical powers. "Maybe you can use your magic to make me look beautiful. Then King Lion will notice me," said Zebra. "That is not a good idea," said Tortoise. "I can give you what you want, but there will be a cost."






“Kyk na my, Skilpad,
sug Sebra. “Hoe sal die
koninklike gesin my ooit
kies as ek net swart
is? Niemand sal my
raak sien nie.”

“Look at me, Tortoise,” Zebra sighed.
“How will the royal family ever choose
me if I’m just plain black? No one will
notice me.”



Quickly, the news spread across
the savannah. But some of the
animals wondered how they
could ever beat Peacock with his
colourful feathers, or Leopard
with her spectacular spots.

Die nuus versprei vinnig
deur die hele grasvlakte.
Maar van die diere wonder
hoe hulle ooit vir Pou
met sy kleurvolle vere
of vir Luiperd met haar
wonderlike kolle sal wen.



“Oh no!” said Elephant. “You must NOT go to
the party. The king and his family eat the most
beautiful animal as a special meal! You DO
NOT want to be noticed by the lions.”
“O nee!” sê Olifant. “Jy MOENIE na
die partytjie toe gaan nie. Die koning
en sy gesin eet die mooiste dier as
’n spesiale ete! Jy wil NIE hê dat die
leus jou moet raak sien nie.”

Zebra felt her heart
pounding. She
realised that she had
made a big mistake.
She ran to Tortoise as
fast as she could.

Sebra voel haar
hart klop. Sy besef
sy het ’n groot
fout gemaak. Sy
hardloop so vinnig
as wat sy kan na
Skilpad toe.

Ho word na die ryk man gebring. Maar teen hierdie tyd het Ho geweet die man is selfsugtig en wreed. “As jy vir my prente skilder,” sê die ryk man, “en hulle word lewendig, sal ek jou betaal en jou vrylaat.” Eers weet Ho nie wat om te doen nie. Toe kry hy ’n blink gedagte. “Ja, ek kan dit doen,” sê Ho. “Heel eerste moet jy vir my ’n REUSAGTIGE berg van goud skilder; sê die ryk man. “Ek wil al die goud bymekaarmaak.” Ho tel sy toewerfkwass op en skilder ’n see. Dit maak die ryk man baie kwaad. “Hoekom het jy ’n see geskilder? Ek wil nie ’n see hê nie. Ek wil ’n berg van goud hê. Maak gou en skilder waarvoor ek vra.”

Toe sien Ho dat die mense sukkel om die grond te bewerk, en hy skilder ’n koei en ’n ploeg om hulle te help. Elke keer as hy sien iemand het hulp nodig, gebruik hy sy verfkwass. Gou weet baie mense van Ho en sy toewerfkwass. ’n Rukkie later hoor ’n ryk man van die verfkwass. “Daardie verfkwass sal myne wees,” sê hy en beplan hoe hy dit gaan steel. “Ek sal so baie geld maak dat ek die rykste man in die hele land sal wees.”



Then Ho saw that the people were struggling to till the land, so he painted a cow and a plough to help them. Every time he saw that someone needed help, he used his paintbrush. Soon many people knew about Ho and his magic paintbrush. Some time later, a rich man heard about the paintbrush. “That paintbrush will be mine,” he said and planned how he was going to steal it. “I will make so much money that I will be the richest man in the whole land.”

After that, Ho lived happily. He had enough food to eat. He helped people when they needed it and he painted as many pictures as he liked. Sometimes he would look across the sea at the mountain made of gold. No one ever went there because there was nothing there except gold.

Daarna het Ho gelukkig gelewe. Hy het genoeg kos gehad om te eet. Hy het mense gehelp wanneer dit nodig was en hy het soveel prente geskilder as wat hy wou. Soms het hy oor die see na die berg van goud gestaar. Niemand het daarheen gevaar nie, want daar was niks nie, net goud.

One night, he dreamed that an old man gave him a magic paintbrush. “You have a kind heart,” said the old man in his dream. “I see that you love to paint. Here is a magic paintbrush. I want you to promise to use it to help people.”

Een nag droom Ho dat ’n ou man vir hom ’n toewerfkwass gee. “Jy het ’n goeie hart,” sê die ou man in sy droom. “Ek sien jy hou daarvan om te skilder. Hier is ’n toewerfkwass. Ek wil hê jy moet my belowe jy sal dit gebruik om mense te help.”





When Ho woke up, he found the magic paintbrush next to him.

“Oh,” he said, “I thought it was only a dream.”

From that day on, he used the paintbrush whenever people needed help.

“Ho,” called the people in the fields. “There is no more water in our well. We need to water our plants.”

So Ho painted a river for them. As he painted, the river magically appeared and the people could water their plants.

Toe Ho wakker word, vind hy die towerverfkwas langs hom.

“Sjoe,” sê hy verbaas, “ek het gedink dit was maar net ’n droom.”

Van daardie dag af gebruik Ho die verfkwas wanneer ander mense hulp nodig het.

“Ho,” roep die mense op die landerye. “Daar is nie meer water in ons put nie, maar ons moet ons plante natlei.”

Dan skilder Ho vir hulle ’n rivier. Terwyl hy skilder, verskyn die rivier, en die mense kan hulle plante natlei.

Toe skilder Ho ’n berg van goud aan die ander kant van die see. “Jy sal oor die see moet vaar om daar te kom,” sê Ho.

“Skilder dan vir my ’n groot skip sodat ek oor die see kan vaar,” beveel die ryk man.

Ho glimlag en skilder ’n groot skip. Hy is skaars klaar en die ryk man spring op die skip. Sy familie en vriende skarrel ook gou aan boord en hulle seil weg. Ho hou hulle goed dop. Hy wag totdat die skip in die middel van die see is, en toe skilder hy ’n groot golf. Die golf pyl op die skip af. Toe dit naby is – SWOESJ! – spoel dit oor die skip en breek die skip in ’n

thousand pieces.


close – CRASH! – it covered the ship and broke it into a wave. The wave rushed towards the ship. When it was sailed into the middle of the sea, then he painted a big Ho watched them carefully. He waited until the ship had and they sailed away.

the ship. Quickly his family and friends jumped in too He had hardly finished when the rich man jumped into Ho smiled and painted a big ship.

said the rich man.

“Then quickly paint a big ship so that I can cross the sea,” there,” he said.

side of the sea. “You will have to cross the sea to get So Ho painted a mountain made of gold on the other



September is Internasionale Maand vir Dowe Mense!

September is International Month for Deaf People!

Hierdie maand doen ons spesiale moeite om bewustheid oor die Dowe gemeenskap, hul taal, hul kultuur en die uitdagings waarmee hulle te doen kry, te skep.

"Doof/Dowe" word met 'n hoofletter "D" geskryf omdat hierdie gemeenskap hul eie kultuur, tradisies, oortuigings, waardes, geskiedenis, humor en kuns het. Hulle het ook 'n unieke eerste taal. In Suid-Afrika word daardie taal Suid-Afrikaanse Gebaretaal (SAGT) genoem.

This month, we make a special effort to raise awareness about the Deaf community, their language, their culture, and the challenges they face.

"Deaf" is written with a capital "D" because this community has its own culture, traditions, beliefs, values, history, humour and art. They also have a unique first language. In South Africa, that language is called South African Sign Language (SASL).

Oor SAGT

- * Suid-Afrikaanse Gebaretaal (SAGT) het in Julie 2023 Suid-Afrika se 12de amptelike taal geword.
- * SAGT is uniek aan Suid-Afrika.
- * SAGT se amptelike status het mense bewus gemaak van en trots laat voel op Dowe identiteit en kultuur.
- * SAGT is 'n visuele taal. Dit word nie geskryf of gepraat nie.
- * Onderskrifte of teks is nie dieselfde as gebaretaal nie.
- * Elke land het sy eie gebaretaal, soos Lesotho-gebaretaal, Chinese Gebaretaal en Eswatini-gebaretaal.

About SASL

- * South African Sign Language (SASL) became South Africa's 12th official language in July 2023.
- * SASL is unique to South Africa.
- * SASL's official status has increased awareness and pride in Deaf identity and culture.
- * SASL is a visual language. It is not written or spoken.
- * Subtitles or text is not the same as sign language.
- * Different countries have their own sign languages, such as Lesotho Sign Language, Chinese Sign Language and Eswatini Sign Language.



Uitdagings wat Dowe mense het

- * Baie Dowe mense gebruik onopgeleide familieledes om hulle te help om met horende mense te kommunikeer.
- * Dienste van die regering het dikwels nie opgeleide SAGT-tolke om Dowe mense te help nie.

Challenges Deaf people face

- * Many Deaf people use untrained family members to help them communicate with hearing people.
- * Government services often don't have trained SASL interpreters to assist Deaf people.



Skole en leer

- * Suid-Afrika het net 44 skole vir Dowe leerders.
- * Die meeste onderwysers in Dowe skole ken nie SAGT nie.
- * Omdat Dowe leerders nie in hulle eerste taal onderrig word nie, maak hulle dikwels skool klaar met laer begripvlakke.

Schools and learning

- * South Africa has only 44 schools for Deaf learners.
- * Most teachers in Deaf schools do not know SASL.
- * Because Deaf learners are not taught in their first language, they often finish school with lower comprehension.





Khulu se plan




Deur Thembinkosi Mabaso ■ Illustrasies deur Magriet Brink en Leo Daly

Gogo Mathibe se huis staan langs 'n stowwerige sokkerveld. Die plaaslike seuns speel elke dag op hierdie veld sokker.

Gogo Mathibe het 'n lae heininkie om haar huis, en die doelpale staan naby die heining. Elke keer as die seuns die doelhok mis, trek die bal oor die heining en beland in Gogo Mathibe se erf. Die probleem is dat Gogo Mathibe knorrig is. "As die bal in my erf land, is dit nie meer julle s'n nie," sê sy. Dan tel sy die bal op en neem dit binnetoe. Die seuns het al vyf balle so verloor.

Partykeer, wanneer die seuns dink Gogo Mathibe kyk nie, sluip hulle in haar erf in om hul bal te gaan haal. Dit maak Gogo Mathibe nog knorriger, en toe koop sy 'n hond. Dit is nie 'n baie groot hond nie, maar hy is groot genoeg om die seuns bang te maak.

Eendag oefen Khulu en sy maats om doele te skop. Khulu skop die bal hard. Die seuns kyk met groot oë toe die bal oor die doelpale trek en in Gogo Mathibe se erf land. "Agge nee!" skree hulle almal.



"Khulu, jy moet die bal gaan haal voor Gogo Mathibe dit sien," sê Simo.

"Maar wat van die hond? Ek is amper so bang vir daardie hond as wat ek vir Gogo Mathibe is," protesteer Khulu.

"Ons kan nie nog 'n bal verloor nie," sê Simo.

Khulu weet Simo is reg. Hy kyk links en regs, en toe hy nie vir Gogo Mathibe of haar hond sien nie, maak hy die hek oop en sluip die erf in. Khulu loop op sy tone verby 'n groot blikwaskom. Hy loop baie stadig toe hy die hond sien wat onder 'n boom lê en slaap.

Khulu kan die bal 'n paar meter van hom af sien, maar voor hy die bal kan gryp, word die hond wakker en storm op hom af.

"Jô, jô, jô!" skreeu Khulu.

"Hardloop!" skreeu sy maats.

Khulu hardloop links en regs, spring oor die groot blikwaskom en is soos blits buite die erf. Simo slaan die hek toe. Khulu het nie die bal nie, maar hy is veilig.

"Dit was nou amper," sê Bheka.

"Ja, baie amper," hyg Khulu.

Die seuns besef nie dat Gogo Mathibe hulle van agter haar gordyne dophou nie. Sy leun by die venster uit en roep: "Seuns, julle is welkom om julle sokkerbal te kom haal, maar as my hond julle byt, is dit nie my probleem nie." En sy maak haar venster toe en gaan aan met haar dag se takies.

Die seuns kyk geskok na mekaar. Uiteindelik sê Simphiwe: "Ons moet ons bal terugkry. Kom ons dink aan 'n goeie plan."

Nadat hulle lank gedink het, sê Khulu: "Ek het 'n plan. Miskien sal dit werk as ek myself in 'n skilpad verander."

"Wat?" vra Simo.

"Hoe?" vra Bheka.

Simphiwe staan net daar en lyk verward.

"Wel," sê Khulu, "ek kan Gogo Mathibe se groot blikwaskom soos 'n dop gebruik en soos 'n skilpad na die bal toe kruip."

"Goeie plan," sê Simo. "Veral omdat dit die enigste plan is."

Toe maak Khulu die hek versigtig oop en kruip vinnig onder die groot blikwaskom in. Die seuns kyk terwyl Khulu die kom effens optel en stadig, handeviervoet na die bal toe begin kruip. Hy lyk nogal na 'n skilpad!

Toe die hond hom sien, storm hy. Khulu laat sak die kom en hou aan om in die rigting van die bal te kruip.

"'n Bietjie regs! Nou 'n bietjie links," skree die seuns terwyl hulle vir Khulu aanwysings gee. Die hond probeer die waskom byt, maar hy besef gou dat sy tande niks teen die harde blikdop sal uitrig nie.

Khulu kruip tot hy by die bal kom. Toe lig hy die kom net ver genoeg op om die bal te gryp.



"Die bal is binne-in die dop!" skreeu Khulu opgewonde.

Toe kruip hy die hele pad terug en by die hek uit. Die seuns klap almal hande toe Khulu onder die kom uitkruip met die bal veilig onder sy arm.

Die seuns besef nie dat Gogo Mathibe hulle van agter haar gordyne dophou nie. Sy leun by die venster uit en roep: "Seuns, ek het dit gesien! Dalk het dit dié keer gewerk, maar julle beter my waskom teruggee, of anders ..."

En dit is meer as genoeg rede vir die seuns om die waskom weer oor die heining te gooi.

"Ek het nog 'n plan," sê Khulu.

"Wat?" vra Bheka.

"Ek dink dat ons van nou af net die anderkantste doelpale moet gebruik wanneer ons oefen om doele te skop," sê Khulu.

"Wat 'n goeie plan!" sê al sy maats saam.

Raak doenig met stories!

- ★ Watter balspeletjies geniet jy? Het jy al ooit jou bal in iemand wat dit nie wou teruggee nie, se erf in geslaan of geskop? Wat het jy gedoen?
- ★ Kan jy aan 'n plan dink om 'n bal uit iemand se erf te kry waar daar 'n hond is? Jy moenie die hond seermaak nie.

- ★ Miskien is daar 'n manier om iemand te oorreed om jou bal vir jou terug te gee. Wat dink jy kan jy sê of doen?



Khulu's plan

By Thembinkosi Mabaso ■ Illustrations by Magriet Brink and Leo Daly

Story
corner



Gogo Mathibe's house stood next to a dusty soccer field. This was the field where the local boys played soccer every day.

Gogo Mathibe had a low fence around her house, and the goal posts stood just beyond the fence. Every time the boys missed the goal, the ball flew over the fence and ended up in Gogo Mathibe's yard. The problem was that Gogo Mathibe was grumpy. "If the ball lands in my yard, it is no longer yours," she would say. Then she would pick up the ball and carry it inside. The boys had lost five balls this way.

Sometimes when the boys thought Gogo Mathibe wasn't looking, they would sneak into her yard and retrieve their ball. This made Gogo Mathibe even more grumpy, so she bought a dog. It wasn't a huge dog, but he was big enough to be scary.

One day, Khulu and his friends were practising kicking goals. Khulu kicked the ball hard. The boys watched in horror as the ball flew over the goal posts and landed in Gogo Mathibe's yard. "Oh no!" they all shouted.



"Khulu, you've got to fetch the ball before Gogo Mathibe sees it," said Simo.

"But what about the dog? I'm almost as scared of that dog as I am of Gogo Mathibe," Khulu protested.

"We can't lose another ball," Simo said.

Khulu knew that Simo was right. He looked left and right and when he did not see Gogo Mathibe or her dog, he opened the gate and snuck into the yard. Khulu tiptoed past a big tin washing basin. He walked in slow motion when he noticed the dog sleeping under a tree.

Khulu could see the ball a few metres away, but before he could grab the ball, the dog woke up and charged.

"Yoh, yoh, yoh!" shouted Khulu.

"Run!" shouted his friends.

Khulu ran left and right, jumped over the big tin washing basin and was out the gate in a flash. Simo slammed the gate shut. Khulu didn't have the ball, but he was safe.

"That was close," Bheka said.

"Too close," Khulu panted.

What the boys didn't realise, was that Gogo Mathibe had been watching from behind the curtains. She leaned out the window and shouted, "Boys, you are welcome to fetch your soccer ball, but if my dog bites you, it's not my concern." And with that she closed the window and went about her day.

The boys looked at each other in shock. Finally, Simphiwe said, "We have to get our ball back. Let's think of a good plan."

After a lot of thinking, Khulu said, "I have a plan. What if I turn myself into a tortoise?"

"What?" asked Simo.

"How?" asked Bheka

Simphiwe just stood there looking confused.

"Well," said Khulu, "I can use Gogo Mathibe's big tin washing basin like a shell and crawl to the ball like a tortoise."

"Good plan," said Simo. "Especially since it's the only plan."

So Khulu carefully opened the gate and quickly crawled under the big tin washing basin. The boys watched as Khulu lifted the basin slightly and slowly started crawling towards the ball on his hands and knees. He did look a bit like a tortoise!

As soon as the dog noticed, he charged. Khulu lowered the basin and continued to crawl in the direction of the ball.

"A bit to the right! Now a bit to the left," the boys shouted as they gave Khulu directions. The dog tried to bite the washing basin, but soon realized his teeth were no match for the hard tin shell.

Khulu crawled until he reached the ball. Then he lifted the basin just enough to grab the ball.



"The ball is inside the shell!" Khulu shouted triumphantly.

Then he crawled all the way back and out of the gate. The boys all applauded as Khulu crawled out from under the basin, the ball safely tucked under his arm.

What the boys didn't realise, is that Gogo Mathibe had been watching from behind the curtains. She leaned out the window and shouted, "Boys, I saw that! That might have worked this time, but you best return my washing basin, or else ..."

And that was more than enough reason for the boys to tip the washing basin back over the fence.

"I have another plan," said Khulu.

"What?" asked Bheka.

"I think that from now on, we should only use the opposite goal posts to practise kicking goals," said Khulu.

"What a good plan!" all his friends said together.

Get story active!

- ★ What ball games do you enjoy playing? Have you ever hit or kicked your ball into someone's yard who would not give it back? What did you do?
- ★ Can you think of a plan to retrieve a ball from someone's yard where there is a dog? You should not harm the dog.

- ★ Perhaps there is a way to convince someone to give your ball back to you. What do you think you could say or do?

Nal'ibali-pret

Nal'ibali fun

**Kom ons
teken diere!**

**Let's draw
cartoon animals!**

'n Kameelperd / A giraffe

'n Hond / A dog

'n Sebra / A zebra

'n Hasie / A rabbit


1.

Teken 'n dik lyn rondom die vorm van jou hand. / Draw a thick line around the shape of your hand.




2.

Voeg die belangrikste vorms en strepe by die vorm van jou hand. / Add the main shapes and lines to your hand shape.



3.

Voeg nou oë, 'n neus en die ore by. / Now add eyes, a nose and the ears.



4.

Voeg patrone en kenmerke by soos horings, snorbaarde, maanhare of 'n tong wat uitsteek! / Add patterns and features like horns, whiskers, a mane or a tongue that pokes out!



5.

Kleur jou dier in. Stal jou prent uit dat almal dit kan sien! / Colour in your cartoon animal. Display your picture for everyone to see!



Nal'ibali is hier om jou te motiveer en te ondersteun. Kontak ons op een van die volgende maniere:

Nal'ibali is here to motivate and support you. Contact us in any of these ways:



TheNalibaliChannel



nalibaliSA



@nalibaliSA



@nalibalisa



@nalibalisa



nalibalisa



The Nal'ibali Trust



+27 64 801 5496

Produced by The Nal'ibali Trust. Translation by Etienne van Zyl. Nal'ibali character illustrations by Rico.

UMLAZI
EYETHU

POLOKWANE
OBSERVER

Nal'ibali